Donderdag 24 September
Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:3-15 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:5-7

## Volharding dra vrug

Om Christen te wees, is nie 'n kopoefening of slim rasionele vermoëns nie. 2 Petrus 1 maak ons Christenskap prakties. Ons kan ons geloof hier op 'n baie eenvoudige en praktiese manier toets aan die wil van God, aan dit wat die Here wil hê:

- "... aanwending van alle ywer ..." (vs 5)
- "... maak julle roeping en verkiesing vas ..." (vs 10)
- "... om julle deur herinnering op te wek ..." (vs 13)

Wat stel ons in staat om ywerig ons roeping en verkeising vas te maak en onsself konstant daaraan te herinner? "*... sy goddelike krag het ons alles geskenk ...*" (vs 3). God self skenk vir ons die krag en alles om volgens sy wil te leef. Al die gawes om Hom te ken, al die beloftes wat ons nodig het – dit is alles geanker in die kennis van ons Here Jesus Christus, om deur die geloof te besef dat ons sondes gereining is (vs 8, 9). Daarmee saam, dat ons die ewige koninkryk sal ingaan (vs 11).

So 'n geloof dra vrug. Die Christen wat dit alles besef, se geloof bly groei ... Ons kan dit sien in die meetbare dinge volgens God se wil: deugsaamheid (dit wat mooi en goed en reg is), ons kennis (om die Here werklik te ken), selfbeheersing, geloofsgroei, liefde tot medegelowiges en liefde tot ons naaste. Maar al hierdie mooi en deugsame dinge sal nie kan wys of vrug dra as daar nie lydsaamheid of volharding is nie.

Geduld en lankmoedigheid, om vol te hou, om uit te hou, al lyk die uiterlike omstandighede van die wêreld om ons anders, is een van die gawes wat uit die hemel gegee word. Om Christen te wees tot eer van God, vra lankmoedigheid. Baie prakties – om aan te hou, en om in die aanhou toe te neem, te groei (vs 8)!

*Sing: Psalm 103-1:3, 4*

*Ds. MH (Marco) le Roux (Reitz/Lindley)*